

SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

1 DANIEL



Inhoudsopgawe

1	Van oplees tot insig – (28 Desember tot 3 Januarie)	4
2	Van Jerusalem tot Babilon – (4 tot 10 Januarie)	12
3	Van raaisel tot openbaring – (11 tot 17 Januarie)	20
4	Van toets tot triomf – (18 tot 24 Januarie)	28
5	Van hoogmoed tot ootmoed – (25 tot 31 Januarie)	36
6	Van arrogansie tot ondergang – (1 tot 7 Februarie)	44
7	Van leeu kuil tot engelbewaking – (8 tot 14 Februarie)	52
8	Van stormsee tot wederkomswolke – (15 tot 21 Februarie)	60
9	Van verontreiniging tot reiniging – (22 tot 28 Februarie)	68
10	Van belydenis tot berusting – (29 Februarie tot 6 Maart)	76
11	Van stryd tot oorwinning – (7 tot 13 Maart)	84
12	Vanuit die noorde en die suide tot by die Beloofde Land – (14 tot 20 Maart)	92
13	Van stof tot sterre – (21 tot 27 Maart)	100

Redakteurskantoor

12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904
United States of America

Besoek gerus ons webwerf by

<http://www.absg.adventist.org>

Hoofbydraes

Elias Brasil de Souza

Redakteur

Clifford R. Goldstein

Subredakteur

Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder

Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent

Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder

Wendy Marcum

Kuns en Ontwerp

Lars Justinen

©Alle kopieregte 2020 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk®

word voorbehou. Geen gedeelte van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (Eerte Kwartaal), mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduceer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye ewalueringkomitee en die goekeuring

van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalings en/of -vertalings Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die eerste kwartaal 2020 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal: Skrifaaanhalings gemerk DB en NLV is onderskeidelik geneem uit *Die Boodskap* ©2002 en *Die Nuwe Lewende Vertaling* ©2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou. Skrifaaanhalings gemerk ABA, NAB en OAB is onderskeidelik geneem uit *Die Bybel vir Almal* © 2007 en *Die Bybel in Afrikaans* ©1983 en 1992, en ©1933, 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is vrylik vertaal deur die vertaler. Die vermelde bladsynommers stem ooreen met die oorspronklike Engelse bronteks.

Daniël, die eindtydprofeet



Met die afsluiting van die negentiende eeu en die aanbreek van die twintigste eeu, het ’n bepaalde optimisme die Weste beetgepak. Vanweë vooruitgang in die wetenskappe en tegnologie was ons ’n goue era te wagte – ’n blink toekoms – ’n wêreld sonder oorloë, plaë, armoede of hongersnood. Daardie hoop het egter beskaam.

Die twintigste eeu het inderdaad die teendeel bewys. Dit was duidelik ’n valse hoop, tekenend van ons onkunde en naïwiteit. Dit is ook dan die rede waarom ons die een-en-twintigste eeu sonder ’n groot mate van toekomshoop betree het.

Beskou vanuit ’n nie-godsdienstige oogpunt blyk die wêreld steeds in ’n haglike toestand te wees. Om alles te kroon, lyk die vooruitsigte ook glad nie goed nie. Eeu na eeu is dit dieselfde storie – elke nuwe geslag herhaal die foute van hul voorgeslagte – ons bly gierig; ons bly mekaar onderdruk en geweld bly deel van die samelewing; ons bly verower en uitbuit, en ons gaan voort om onself te vernietig. Dit lyk ook nie veel beter op tegnologiese gebied nie. Ten spyte van die groot spronge wat ons in dié verband gemaak het – spronge wat soms tot opbou van die mensdom was en is – het tegnologie daardie einste gierigheid, ondermyning, geweld, verowering, uitbuiting en selfvernietiging nog meer aangehelp.

Dit behoort ook geensins ’n verrassing te wees nie. Die Bybel sê immers: “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?” (Jer. 17:9, OAB) en ook: “Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnood en aardbewings wees” (Matt. 24:7, NAB).

Tog het ons, te midde van al dié wanhoop en rampe, die profesieë in Daniël. Dit is dan wat ons hierdie kwartaal gaan bekyk. Daniël is besonder relevant vir die eietydse gelowige, ons wat ons in die ‘êt qêš – oftewel “die eindtyd” – bevind (Dan. 12:9, NAB). Dit is juis relevant

omdat die gewyde teks van hierdie bybelboek kragtige, rasonale en geloofsbevestigende bewyse lewer – nie net vir ons geloof in God nie, maar ook in die Here Jesus Christusself, en sy kruisdood, asook die wederkomsbelofte wat Hy gemaak het en wat dit vir ons inhou.

Dié bybelprofeet gee ’n mens immers stof tot nadenke. Daniël lê deurgaans klem op (vgl. hoofstukke 2, 7, 8, 11) – en nogal vanuit verskillende invalshoeke – die opeenvolgende wêreldryke: Babilon, Medo-Persië, Griekeland, Rome, asook God se ewige koninkryk na die wederkoms. As moderne gelowiges kan ons terugkyk op hierdie dinge, en sien dat al die wêreldryke inderdaad gekom en gegaan het, net soos Daniël voorspel het – oftewel, in die geval van Rome, dat dit in ooreenstemming met die profesie opgekom het en tot in dié stadium steeds met ons is. ’n Mens sien dit ook in die voete en tone van die beeld in Daniël 2:33 en 41. En dit blyk duidelik uit die steeds verdeelde nasiestate van Europa asook die Rooms-Katolieke Kerk opsigself. Al hierdie dinge rugsteun bybelprofesie, op ’n wyse wat net so breedvoerig en rotsvas as die ganse wêreldgeskiedenis is – ’n geheelbeeld waaroor onderdane van die Babiloniese, Griekse en Romeinse Ryke nie destyds beskik het nie.

Ons plek op die profetiese kalender gee ons nie net ’n geheelbeeld van die kosmiese verhaal nie, maar toon ook dat Daniël se voorspellings oor hierdie koninkryke inderdaad honderd persent akkuraat was. Des te meer rede om die Here te vertrou wanneer dit by die enigste oorblywende voorspelling kom – dié oor God se ewige koninkryk wat na die wederkoms tot stand gaan kom.

Ja, die boek Daniël bly ’n kragtige, geloofsbevestigende teks; veral vir die Sewendedag-Adventis. Die profesieë wat daarin vervat is, is juis die geloofsaadjie vir ons kerkgenootskap, veral hoofstuk 8 vers 14: “En hy het vir my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word” (OAB). Hierdie teksvers loop parallel met Daniël 7:22, 26 en 27. Wat sê dit? Na afloop van die groot, ondersoekende oordeel wat in die hemel plaasvind, sal God “ten gunste van die heiliges van die Allerhoogste” beslis, waarna sy ewige koninkryk gevestig sal word. In teenstelling met die tydelike, vlietende, mensgemaakte wêreldryke, sal hiêrdie een vir ewig duur.

Tog bied Daniël ons nie slegs hierdie arendsblik nie, nie net ’n reeks opeenvolgende historiese gebeure in aanloop tot die eindtyd nie. Nee, Christus se nabyheid aan elke individuele gelowige, kom ook aan die lig. Hulp met die uitleë van Nebukadnesar se droom en die nare leeuikul-ervaring is enkele van die gebeure wat God se betrokkenheid – sy nabyheid – in die gelowige se lewe toon. Die profeet stel dit op so ’n netjies-treffende wyse aan die bose koning Belsasar: “Die God in wie se hand u asem en voor wie al u paaië is, Hom het u nie vereer nie” (Dan. 5:23, OAB; klem verskaf).

Kortom, Daniël se profesieë wat ons dié kwartaal bestudeer, is vandag steeds dieselfde boek as wat dit ten tye van die profeet se skrywe was – ’n kragtige openbaring van die liefde en karakter van onse Heer en Heiland, Jesus Christus.

Elias Brasil de Souza is die koördineerder van die Bybelnavorsingsinstituut by die Wêreldkonferensie vir Sewendedag-Adventiste. Hy het ’n PhD-graad behaal in Ou Testamentiese Eksegese en Teologiese Studies, te Andrews Universiteit.